**Skriflesing:** 1 Pet 1:19; 1 Kor 6:19-20 en Heidelbergse Kategismus Sondag 1; Vraag 1
**Tema:** Die troos wat die Christusfees bring.

Ons leef in 'n skewe reënboogland, 'n land vol misdaad en geweld. COVID-19 het elkeen van ons iets gekos, die wat nie geinfekteer is nie is geaffekteer. Werkloosheidsyfers is die hoogste ooit. Alles word net duurder. Mense is alleen, dit is vir baie 'n kersnaweek gevul met hartseer.
Hoe gaan ons nuwe jaar oor 'n week tegemoet?

Ek gaan myself hier onderbreek om 'n stukkie van vroeë Europa se kerkgeskiedenis vir u te vertel. Dit was swaar tye in Europa. Dit was die tyd toe Protestantse Christene, en ons is Protestante, al hul sekerhede, hulle besittings en lewens verloor het.
Al wat vir hulle oorgebly het om aan vas te hou was die ewige Rots, Jesus Christus. Hulle troos
was net Jesus Christus Jesus alleen.

Nadat Martin Luther in 1517 95 stellinge, hoofsaaklik teen die Rooms Katolieke dwaalleer teen die kerkdeure in Wittenberg vasgespyker het, het Kerkhervorming vinnig spoed opgetel, maar so ook die teenstand teen die Hervorming.

Die jare so rondom die 1540's tot 1570's staan bekend as die Kontra-Reformasie. Gedurende die 16/17de eeu is Protestante vervolg en doodgemaak oor die hele Europa, maar veral in Italië, Spanje, Nederland en Frankryk. Hulle is gemartel op pynbanke en het helder oordag op brandstapels gesterf. Volgens een skrywer het daar in hierdie tyd net in Frankryk 20 000 Protestante gesterf.
Stede het in vlamme opgegaan. Op die heilige Bartholomeus–nag, wat begin het in die oggendure van 24 Aug 1572 is tienduisende Protestante doodgemaak. Vandag steeds word dit beskou as een van die grootste misdade teen die mensdom in die modern geskiedenis.
In Nederland is Protestantse kerke, terwyl hulle besig was met eredienste, toegespyker en aan die brand gesteek. Al singende het die gemeentelede gesterf, totdat die geknetter van die vlamme die laaste stemme stilgemaak het.

Terwyl hierdie vervolging aan die gang was, is die Heidelbergse Kategismus in 1563 geskryf.
Belydenisse is geskryf in die vlammelig van brandstapels. Sommige dele van die belydenisskrifte is by tronkvensters uitgegooi waarna dit oor die hele Europa versprei het.

Teen hierdie agtergrond begin die Heidelbergse Kategismus met sy eerste vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?
En dan antwoord die antwoord: "My enigste troos in lewe en dood, is dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe nie aan myself behoort nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse, dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."

Die kind in die krip word ons Verlosser aan die kruis en wanneer Hy opstaan uit die graf, staan Hy op as Oorwinnaar oor ons sonde en dood.
Hy Immanuel, God met ons, het ons ten duurste gekoop. Ons TROOS het ‘n naam. Ons TROOS is Jesus Christus ALLEEN.

**1. Die troos is intiem persoonlik**
Hierdie troos geld vir elkeen van ons.

**2. Dit is ons enigste troos**
Wat beteken hierdie woordjie "troos" nou eintlik? Wanneer ons vandag dink aan troos, dan is dit wanneer iemand gehuil het of hartseer is en iemand bring hom of haar tot bedaring en sy trane word afgevee.

Maar die opstellers van die Kategismus het destyds baie meer daarmee bedoel. Troos beteken ook: vrede, geluk, veiligheid, sekerheid, sekuriteit.

As jou vrede jou beleggings of eiendom is, gaan jy nooit vrede hê nie. As jou geluk lê in een of twee partydjies wat mense hierdie tyd van die jaar hou, gaan dit verdwyn soos mis voor die son. As jou veiligheid en sekuriteit jou diefwering, alarm of wapen is, is jy nie geborge nie. As jou sekerheid jou gesondheid of werk is, het jy geen sekerheid en geen troos nie.

**3. My enigste troos is dat ek aan Jesus Christus behoort**
Ek is ten duurste gekoop. Ons lees in 1 Pet 1:18-19: “Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.”
In 1 Kor 6:19b-20 staan daar: “Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.”

Ek behoort nie aan myself nie Ek behoort nie aan die bose of die een of ander noodlot of toeval nie. Ek behoort volkome aan die Here, met liggaam en siel behoort ek vir altyd, ook in in lewe en in sterwe, aan Hom.
Sonder die wil van my hemelse Vader sal daar geen haar van my kop kan val nie.
“Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.” (Matt 10:29-31)

Hierdie troos geld nie net vir ons aardse lewe nie, maar vir "lewe en sterwe". Dit geld nie net in die sonskyn van die lewe nie, maar ook wanneer die skadu van die dood kom. Hy het my ten duurste gekoop, ek behoort vir altyd aan Hom.
Ja, selfs ná die dood geld Sy eiendomsreg oor my nog steeds en niks, nie lewe of dood gaan my uit sy hand ruk nie.
Daarom is ek nie bang nie en verander die wete dat ek aan Here behoort my lewe radikaal.
Uit dankbaarheid wil ek niks anders as om Hom te dien nie. Ek is elke dag van my lewe "van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."

In ‘n skewe en hartseer reënboogland sien ons kans vir 2022. Ons kan ons getroos lewe en getroos sterwe, want ons behoort aan Jesus Christus! Hy het ons dubbel syne gemaak!
“My enigste troos in lewe en dood, is dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe nie aan myself behoort nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.”
Amen